SAKE 24 (Beeld)
Tuesday, 14 August 2007, p. 5

Gautrein bring glo oplewing

Elma Kloppers, Johannesburg

Terwyl werk aan die Gautrein in Rosebank, Johannesburg, volstoom aan die gang is, belê eiendomseienaars miljoene om nuwe lewe te blaas in bestaande eiendomme in die gebied.

Die Hospitality Property Fund gaan R250 miljoen bestee om vir die Rosebank Hotel, een van die gebied se bakengeboue, wat 70 jaar gelede gebou is, 'n splinternuwe baadjie aan te trek.

Dié belegging volg kort nadat die Ou Mutual Beleggingsgroep se eiendomsbeleggingsafdeling bekend gemaak het dat hy 'n omvattende ontwikkeling vir gemengde gebruik teen R623 miljoen op 'n perseel teenaan Tyrwhitt Mall en Cradockrylaan gaan oprig. Die perseel grens aan die Hyatt-hotel, The Firs en The Zone@Rosebank.

Rosebank, Johannesburg se eerste gedesentraliseerde kantoornodus, het deur die jare sy glans verloor, maar volgens mnr. Gerald Nelson, uitvoerende hoof van Hospitality, beleef die gebied nou 'n stewige opswaai in pryse danksy die openbarevervoerprojekte

'n Kunstenaarsvoorstelling van hoe die Rosebank Hotel gaan lyk nadat die Hospitality Property Fund R250 miljoen bestee het om dié statige ou bakengebou op te gradeer.
Foto: VERSKAF

besonderhede bekend maak nie, behalwe dat vernuwende konsepte sal verseker dat dit die voorste vierster-hotel in die land sal wees.

"Die opgradering sal die hotel goed posisioneer om voordeel te trek uit die okkupasie-geleenthede van die komende Wêreldbeker-sokkertoernooi in 2010 en ander toekomstige hoëprofiel-geleenthede," sê hy.

Hy sê die ontsluiting van waarde in die groep se bestaande portefeulje is 'n prioriteit en van hou ook potensiaal in.

Hospitality is Suid-Afrika se eerste genoteerde spesialis-eiendomsfonds wat eksklusief in hotelle en oorde belê is. Dit word bestuur deur Hospitality Property Fund Managers, 'n gesamentlike onderneming van die Grapnel Property Group en Hotel Tourism & Leisure Asset Management. Die groep se batebasis is tans R1,96 miljard.

Vyf Ou Mutual-geboue, Admirals Court, Rosebank Boulevard, Oxford Corner, Knightsbridge en die voormalige Fournos Bakerygebou, gaan plek maak vir Ou Mutual se nuwe ontwikkeling, wat daarop gemik is om voordeel te trek uit die nuwe geleenthede wat die Gautreinstasie in Rosebank sal bied. Dit sal kleinhandelruimte, kantore, 'n 160-kamer-hotel en kelderparkeerplek op vier vlakke insluit.

Mnr. Brent Wiltshire, hoof van sakeontwikkeling by Ou Mutual, sê die oogmerk is om 'n leefstylsentrum te skep wat voldoen aan verskeie behoeftes en omliggende ontwikkelings sal aanvul.

Na verwagting sal die parkeerplek in die twee helfte van volgende jaar voltooi word, die kleinhandel- en kantoorruimte teen middel 2009 en die hotel in April 2010.